# Korrekte toediening van gewasbeskermingsmiddels op aartappels

Deur dr Gerhard Verdoorn, bedryfs- en rentmeesterskapbestuurder, CropLife SA

Produsente het 'n regsverpligting om gewasbeskermingsmiddels volgens etikette aan te wend. CropLife SA ontvang gereeld navrae oor gewasbeskermingsmiddels wat nie na wense gewerk het nie, óf wat gewas- of omgewingskade veroorsaak het.

Dikwels bestaan die aantyging dat die gewasadviseur die produk se gebruik op 'n bepaalde wyse aanbeveel het, en as daar dan skade kom, word prokureurs genader om eise in te stel. Benewens hierdie onsmaaklike situasies is daar ook baie gevalle waar gewasbeskermingsmiddels bloot verkeerd aangewend word en nie noodwendig die prokureurs se kundigheid vereis nie.

## Regulasies is eenduidig

Die *Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels, 1947 (Wet 36 van 1947)* is eenduidig oor die gebruik van landboumiddels. Sodanige produkte mag slegs aangewend word ooreenkomstig met die etikette se instruksies.

Regulasie R1716 van 26 Julie 1991 verbied die gebruik van gewasbeskermingsmiddels vir enige ander doel of op enige ander manier as wat die etikette aandui. Die volgende reëls moet dus nagekom word:

- Die gewasbeskermingsmiddel mag slegs gebruik word vir die gewas, sowel as vir die plae, siektes of onkruide waarvoor dit geregistreer is.
- Die gewasbeskermingsmiddel moet volgens die etiket se dosis- en spuitvolume-aanduidings gebruik word.
- Die gewasbeskermingsmiddel moet binne die voor-oes interval gebruik word om te verseker dat die maksimum residu-limiete nie oorskry word nie.
- Die gewasbeskermingsmiddel mag slegs met ander gewasbeskermingsmiddels in die spuittenk gemeng word as dit sodanig op die etiket aangedui is.
- Enige bymiddels wat volgens die etiketinstruksies aangedui word, moet saam met die gewasbeskermingsmiddels gebruik word om te verseker dat optimale resultate verkry word.

Die boodskap is eenvoudig: Die produsent moet alle gewasbeskermingsmiddels streng volgens etiket aanwend.

## Die rol van aanbevelings

Produsente koop gewoonlik hul gewasbeskermingsmiddels by gewasadviseurs aan en steun sterk op wat die adviseurs aanbeveel. Sommige kundiges soos wetenskaplike navorsers en konsultante maak ook aanbevelings tydens seminare, in tydskrifte of direk aan die produsent.

Hoewel die *Wet* die produsent direk verplig om gewasbeskermingsmiddels slegs volgens etiketinstruksies te gebruik, is dieselfde ook van toepassing op enige persoon wat 'n aanbeveling maak. *Wet 36 van 1947* se definisies klassifiseer enige vorm van promosie (aanbeveling) van landboumiddels as 'n vorm van advertensie, en die definisie van advertensie sluit enige verbale, geskrewe of uitsaai-boodskap in. Dit sluit ook enige aanbevelings en advertensies op sosiale media in.

Wat egter die belangrikste is, is dat die term 'verkope' in die *Wet* ook 'adverteer' insluit. Tesame met die produsent se verpligting om gewasbeskermingsmiddels slegs volgens etiket te gebruik, is die gewasadviseur, wetenskaplike, verkoopspersoon, konsultant of enige ander persoon dus ook verplig om gewasbeskermingsmiddels slegs volgens etiketinstruksies aan te beveel.

## Wat van onregmatige aanbevelings?

Uiteindelik is die produsent vir sy eie heil verantwoordelik en moet hy onder geen omstandighede aanbevelings aanvaar oor gewasbeskermingsmiddels wat strydig met etiketinstruksies is nie. Geen persoon mag *Wet 36 van 1947* se artikels of regulasies oortree nie, ongeag die kennis of statuur van die indiwidu.

## Aartappelproduksie onder die loep

Aartappels SA het onlangs verskeie artikels saam met CropLife SA gepubliseer oor probleme met groeivorm, opbrengs, insekinfestasies en swamsiektes onder aartappels, wat in sommige gevalle die gevolg is van etiketinstruksies wat nie nagekom is nie.

Die grootste verloorders is die produsente. Dit is dus noodsaaklik dat produsente terugkeer na goeie verbouingspraktyke en etiketgedrewe gebruik van gewasbeskermingsmiddels.

Gerugte oor die grootskaalse oordosering van aartappellanderye met hoogs toksiese aalwurmdoders, doen reeds die rondte. Dit kort net een vergiftigingsgeval van 'n werker om die aartappelbedryf se beeld 'n ernstige knou te gee.

Wees verseker dat gewasbeskermingsmiddels steeds 'n integrale deel van volhoubare aartappelproduksie is, maar dat dit almal se verantwoordelikheid is om die etikette streng na te volg.

Vir navrae, kontak dr Gerhard Verdoorn by 082 446 8946 of gerhard@croplife.co.za.

Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 6 • NOVEMBER / DECEMBER 2022



## SANDSPLEET, SPLEETSKURF OF ANDER OORSAKE: OORSIG VAN AARTAPPELKRAKE

## SANDVELD KULTIVARPROEF ONDER BESPROEIING OP AURORA IN 2021/22

Improving diversity in potato plantings

Use of lime in soil: Acidity is no longer visible

Reviewed and updated ARC irrigation manual